Donderdag **6 Junie**

**Skrifgedeelte: Rigters 11:1-12; 27-29 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Rigters 11:29**

**Die Here roep wie Hy wil en maak hulle nuut**

Wanneer ons die geskiedenis van Jefta lees, besef ons dat ons nie alles in een oordenking in berekening kan bring nie. Want Jefta is ’n onwaarskynlike persoon om vir die Koninkryk te roep. Hoekom is Jefta ’n onwaarskynlike persoon?

- Hy is die seun van ’n prostituut (Rigt. 11:1).
- Sy familie jaag hom daaroor weg en hy raak met verkeerde geselskap en vriende deurmekaar (Rigt. 11:2, 3).

Tog beskik die Here dat hy ’n leier word:

- Toe Jefta deur die oudstes van die volk genader word, het hy reeds die besef dat net die HERE die vyand in sy mag kan oorgee (Rigt. 11:9).
- Hy word nie leier voordat die Here dit uitwys en bevestig nie. Die volksleiers stem hiertoe in (Rigt. 11:10, 11). Ons kan sê dat Jefta hier ’n roepingsbesef het – dat die Here alleen roep.

*Die HERE maak hom toe vaardig as leier* (Rigt. 11:29). Hy doen dit deur die werking van die Heilige Gees.

Ons voel ook baie kere onbekwaam omdat ons sonde en ons agtergrond ons aankla. Maar as die Here roep, dan kan ons dit nie teenstaan nie, al lyk ek na die mees onwaarskynlike persoon. Al is ek ook deur mense verwerp en weggestoot. Jesus Christus reinig ons deur sy kosbare bloed. Ons kry deel aan sy offer deur die geloof wat die Heilige Gees werk en tot stand bring. Die Here maak ons gewillig en bekwaam om sy wil en sy werk te doen!

*Sing: Psalm 81-1:1, 12*

*Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)*